

Diensbaar
in die
Koninkryk
Oordenkinge oor
Kolossense
Louis Nel

# Diensbaar in die Koninkryk

'n Reeks Oordenkinge
oor die boek Kolossense

Louis Nel

Junie 2022

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1 - My Doel op Aarde?

2 - Ons is ‘n Gesin

3 - Vrugte van Dankbaarheid

4 - Om in 'n Koor te Sing

5 - Die Aarde Word Vernietig!

6 - Met God Versoen

7 - Diensbaar in die Koninkryk

8 - ‘n Vaste Fondament

9 – Vasgevang

10 – Tradisies

11 – Oorgemaak

12 - Wie’s die Baas?

13 - Sjokolade en Brandrissies

# Voorwoord

Om bloot ‘n Christen te wees, is baie maklik. As dit egter by die praktyk kom van die uitlewe van jou geloof, dan begin dit ietwat moeiliker raak - verg dit van jou inspanning.

Met die draai van die eeu - die jaar 2000 - kry die Ballito Gesinskerk die opdrag om ‘n internetbediening aan te pak. Aanvanklik is dagstukkies, geskryf deur ‘n verskeidenheid leraars, gebruik om na gemeentelede uit te stuur. Sedert 2002 word die dagstukkies egter deur ‘n lidmaat van die gemeente gegenereer, en word die dagstukkies wêreldwyd uitgestuur om so die opdrag van Jesus in Matteus 28 uit te voer.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my beteken het terwyl ek dit geskryf het.

Louis Nel

# My Doel op Aarde?

# Kolossense Inleiding

**VIDEO * OUDIO**

Wat is die doel van Christengelowiges op aarde? Waarom is ons hier? Die antwoord is eintlik héél eenvoudig: Omdat Christus hier is! Hy is die Een wat ál die verskil kom maak het en steeds maak. Met Sy koms het daar ‘n nuwe lig geval op alles wat tot op daardie stadium as Godsdiens bekend was en Hy het aanbidding van God ‘n totale nuwe belewenis gegee! As ons dus wil weet wie ons as Christene is, moet ons eers vir Christus ken. Ons moet weet wie Hy is, wat Hy vir ons gedoen het en wat dit alles vir ons beteken. Hierdie dinge word duidelik uit die brief aan die Kolossense. Hierdie boek leer ons om Christenskap in ‘n nuwe perspektief te sien, een van praktiese Christenskap.

Meeste gemeentes is vandag baie bevoorreg

om een of meer toegewyde, geleerde leiers te hê, ‘n dominee, pastoor of ander opgeleide persoon om leiding te neem en die Woord te bedien. Daar is egter gemeentes wat nie so bevoorreg is nie. Kolosse was juis só 'n gemeente!

Kolosse het nie so ‘n geleerde leier gehad om hulle te help met hulle daaglikse geestelike probleme nie. Ten spyte hiervan moes hierdie Christene egter nie alleen geestelik oorleef nie, maar hulle moes ook die sendelinge wees wat die Christelike geloof moes uitdra aan al die heidene in die stad Kolosse. Die probleem was egter dat jong Christene sonder die nodige leiding maklik op ‘n dwaalspoor kon beland, of nóg erger, dat hulle Jesus se unieke gesag kon begin prysgee! Hy het dikwels maar net nóg ‘n manier geword om by God uit te kom!

Een van die gemeentelede, Eprafas was 'n baie bekommerde man. Hy het gesien wat besig was om te gebeur en hy kon nie langer sy kommer oor die stand van sake wegsteek

nie. Die enigste persoon waarvan hy geweet het wat raad sou hê vir hulle probleem, was die groot sendeling Paulus. Paulus was egter in die tronk in Rome. Eprafas se kommer was só groot dat hy besluit om al die pad na Rome te reis om die probleem daar met Paulus te gaan bespreek.

Paulus het aandagtig geluister na Eprafas se droewige verhaal en toe skryf hy ‘n brief aan die gemeente om hulle op die regte pad te lei. Dit was géén maklike taak nie! Hy moes by die kern van die Evangelie bly, want die gemeentelede was gekonfronteer met nie-Christelike idees, waar die klem dikwels geval het op wat ‘n mens moes “doen” om by God uit te kom.

Dit klink natuurlik logies en baie edel om te vra wat my te doen staan om by God uit te kom. By die Kolossense was die antwoord egter om allerhande kultiese wette na te kom. Dit het onder meer behels dat hulle engele moes vereer en allerhande godsdienstige gebruike moes navolg. Dit het

dus gladnie eers meer gegaan oor Christus nie! Paulus moes dit vir hierdie gemeente baie duidelik maak dat daar sonder Christus en Sy verlossingswerk géén redding moontlik is nie.

Paulus het verskeie briewe geskryf, waarvan baie verlore gegaan het. Altesaam dertien van sy briewe is uiteindelik in die Nuwe Testament opgeneem. Soos ons reeds kon aflei, was hierdie een van die briewe wat hy geskryf het terwyl hy in die tronk was in Rome, iewers tussen 61 en 63 nC. Hy het ook etlike ander briewe uit die tronk geskryf, soos dié aan die Efesiërs, Filippense en Filemon.

Net iets oor die antieke stad Kolosse: dit is gebou op 'n groot handelsroete deur die Lycusriviervallei in die Romeinse provinsie Klein-Asië, die hedendaagse Turkye. Kolosse was veral beroemd vir 'n pragtige donkerrooi materiaal, kolossinum wat daar vervaardig was. Maar Kolosse se belangrikheid as 'n sakesentrum het aansienlik verminder

rondom 100 vC, toe die naburige stad Laodisea gestig is. Die twee dorpe, saam met die naburige Hiërapolis, is vernietig deur 'n aardbewing in 17nC en toe weer tydens die bewind van Nero in 60nC. Kolosse is ná elke aardbewing herbou, maar dit het nooit sy vroeë prominensie herwin nie. Teen 400nC het die stad nie meer bestaan nie en vandag is daar nog net ruïnes oor van die eens-belangrike handelstad.

Die stad het ‘n gemengde Grieks-Joodse kultuur gehad, wat ook in die gemeente weerspieël het. Paulus het vir ‘n lang ruk in Efese gebly, sowat 200 km van Kolosse af. Van die inwoners van die omliggende dorpe het die boodskap by Paulus gehoor in Efese en so het die Evangelie na die buurdorpe versprei. Op hierdie manier het Eprafas waarskynlik ook die goeie nuus gehoor en dit op sy beurt weer gaan oorvertel in Kolosse. Elke gelowige was in werklikheid ’n “lekeprediker”. Toe dinge egter nie meer sin maak nie, het Eprafas by Paulus gaan

aanklop vir hulp.

Vandag wil ons as gelowiges gemaklik terugsit en slegs die leraar betaal om die Woord te verkondig. Wanneer ons egter die Kolossense brief lees, moet ons tot die slotsom kom dat elke gelowige vandag steeds die taak het om op die een of ander wyse prakties deel te neem aan die verkondiging van die Evangelie. Kom ons leer weer wat dit waarlik prakties beteken om ‘n Christen-gelowige te wees.

Gebed:

Here, ek wil vanoggend dankie sê dat U my U kind gemaak het. Ek besef dat dit baie verantwoordelikhede vir my meebring. Help my om prakties my Christenskap uit te leef volgens U wil.

2

# Ons is ‘n Gesin

# Kolossense 1:1,2

**VIDEO   *  OUDIO**

Wie skryf vandag ooit nog 'n brief? Ek praat nou van 'n regte, egte brief wat met 'n vulpen op papier geskryf word! Ja, ek weet dat die posdiens nou nie juis meer bestaan nie en as jy 'n brief sal pos, twyfel ek of hy óóit sy bestemming sal bereik! Boonop het die elektroniese media alles vir ons so gemaklik gemaak dat ons totaal verleer het om ‘n brief te skryf. Selfs 'n brief wat per e-pos gestuur word het raar geword, want sosiale media soos Whatsapp het veroorsaak dat 'n paar kriptiese woordjies in 'n boodskappie klaar genoeg geword het!

Onthou jy nog die dae van 'n handgeskrewe brief? O, hoe dink ek met groot nostalgie terug aan my weermag dae, toe ek daar iewers in die veld met groot opgewondenheid

die stofstreep van die weermag posbode se Jeep dopgehou het. In sy possak was daar ‘n brief aan my geadresseer en my hart het sommer wild aan die bons gegaan as die posman uiteindelik my naam uitroep. Met opgewonde hande het ek dit baie versigtig oopgemaak. Dit was natuurlik van my Mosbolletjie! Ek het die geur wat aan die papier kleef diep in my longe ingetrek en haar skaam, laggende gesiggie voor my gesien, verweef in die geur van die brief. Dan het ek plat op die grond onder 'n boom gaan sit en elke woord ingedrink en dit weer en weer gelees. O watter saligheid! Ek het behóórlik op ‘n wolkie gesweef......

Paulus was ’n man wat die kuns van briefskryf baie goed verstaan en bemeester het. Hy begin sy brief met ‘n aanhef wat so ‘n ietsie van homself sê, net vir ingeval daar dalk iemand is wat nie weet wie hy is nie. Hy stel homself bekend as ‘n apostel, ‘n spesiale gestuurde van Christus. Natuurlik was daar baie mense wat sy apostelskap betwyfel het,

want hy was nie een van die twaalf wat vir drie jaar saam met Jesus was nie. Jesus het egter ná Sy hemelvaart een dag persoonlik aan Paulus verskyn op die Damaskuspad. Dit gee hom die gesag van Jesus en natuurlik ook die gesag van God. Paulus word dan ook uiteindelik ‘n ware uitgestuurde wanneer sy gemeente in Antiogië hom na die heidenlande stuur om die Evangelie te verkondig.

Omdat Paulus se oë swak was, het hy sy briewe aan ‘n sekretaris gedikteer wat die skryfwerk vir hom gedoen het. Paulus was egter nie die ware skrywer nie. Inderdaad weet ons vandag dat die Heilige Gees eintlik die ware Outeur van hierdie brief was, net soos ook al die ander boeke in die Bybel. Paulus skryf ook van ‘n medeskrywer, Timoteus. Ons weet nie presies waar hy ingepas het nie. Het hy dalk saam geskryf aan die brief? Of was hy dalk die sekretaris?

Paulus het hierdie brief nie maar net in die algemeen aan ‘n gemeenskap geskryf nie.

Dit is ‘n baie persoonlike brief, gerig aan sy eie “bloedfamilie”. Inderdaad is hulle “God se mense”, maar dit gaan veel dieper as net dit, want hulle is ook sy “broers”, sy naaste familie. Ons kan nooit weet wat dit werklik beteken voordat ons nie eers besef hoe 'n geweldige belangrike rol die familieband in die bevolking rondom die Middellandse See gespeel het nie. Die gesin was ‘n hegte, onverbreeklike eenheid. Hulle sou hulle gesinslede met hulle lewe verdedig ten alle koste, al was die persoon selfs ook verkeerd! Wanneer Paulus hulle dus broers noem, beklemtoon hy hoe sterk die band tussen hom en die gelowiges van Kolosse was, alhoewel hy hulle nog nooit tevore eers persoonlik ontmoet het nie. Ten spyte hiervan was daar egter steeds daardie band wat hulle as “familie” saamgebind het. Ons sien dat ook telkens in die brief hierdie soort gesinsterme, soos pa, broers, en erfenis.

In die lig van die belangrikheid van hegte familiebande, is hierdie manier van

aanspreek júís veelseggend van die band wat hulle bind as Christene. Ook in die seëngroet noem Paulus God “ons Vader”, wat beteken dat God soos ‘n Pa vir al die broers en susters in Christus sorg. Paulus is dus ‘n kind wat vir sy Pa vra om vir die ander kinders goed te wees. Sal ons Pa dit ooit weier?

Paulus noem dat hulle God se mense is wat in Kolosse bly. Daarmee wil hy sê dat Kolosse wél nou hulle aardse woonplek is, maar terselfdertyd is hulle geestelike woonplek éíntlik in Christus!

God het egter op ‘n wonderlike wyse voorsien dat hierdie persoonlike brief bewaar gebly het en vandag in ons Bybel opgeteken is. Dit is dan ook nét so persoonlik gerig aan my en jou en elkeen wat dit vandag lees. Ja, ons is steeds net so naby familie van Paulus as wat die gelowiges van Kolosse was. Nog meer: ek en jy is net so naby familie van mekaar! Daar is die onverbreekbare familieband van Jesus wat ons vandag aan

mekaar bind en mekaar boeties en sussies maak in Jesus, al is daar dikwels groot verskille oor hoe ons lyk en hoe ons dink en reageer. Kom ons wees lief vir mekaar met 'n ware broederliefde, net soos Paulus dit vir ons voorgeskryf het en soos Jesus dit vir ons as voorbeeld uitgeleef het.

Gebed:

Dankie Here, dat ek ook deel kan wees van daardie geseënde gesin van God. Leer my om waarlik my geestelike broers en susters intens lief te hê.

3

# Vrugte van Dankbaarheid

# Kolossense 1:3-8

**VIDEO * OUDIO**

Daar heers ‘n verwoede stryd op die rugbyveld. Die Willebeeste bemeester die bal uit die losskrum en dan staan Gert gereed om daardie bal agter die doellyn te gaan plant. Die probleem is dat hy nie die bal het nie. Dié kosbare voorwerp is stewig in Piet se greep waar hy hom probeer loswurm van sy opponente. “Piet, hier Piet! Gooi hom vir my asseblief!” soebat Gert.

Dan slinger Piet die bal vir Gert. Dankbaar kyk Gert sy spanmaat in die oë: “Dankie ou Piet man, ek wag al héél middag om die bal te kry. Dankie dat jy my die eer gee om die bal te kan hanteer, ek waardeer dit opreg! Jy is ‘n vriend duisend!”

Absurd! Lagwekkend! So speel ‘n mens mos

nie rugby nie? Lank voor Gert nog sy “dankie” kon uitspreek was hy al plat geloop! Jy sê nie dankie aan jou spanmaat tydens ‘n rugbywedstryd nie, want elkeen doen mos maar net sy plig! Dis immers wat van hom verwag word. Opregte dank kom alleen God toe.

Die gesinslede van die Midde Ooste van 2000 jaar gelede het ook nie gewoonlik vir mekaar dankie gesê nie. Daar was die gesin absoluut álles en ál die gesinslede was afhanklik van mekaar. Hulle het allerhande dinge vir mekaar gedoen, sonder dat daar ooit “dankie” gesê is, want dit word verwag dat dinge natuurlik sal gebeur. Dieselfde het ook gegeld vir groter groepe, ‘n familiegroep, stam of selfs volk.

As ‘n gemeente reg funksioneer, het elke gemeentelid sy taak - iets wat hy met passie verrig. Dan is daar dus geen nodigheid vir ‘n oor en weer se dankiesêery nie. Dán moet jy vir God dankie sê dat Hy die gemeente so aan die brand hou sodat hulle produktief

funksioneer. Dit is dan ook die rede waarom Paulus nie vir die mense in die gemeente dankie gesê het nie, maar eerder Gód gedank het vír die gemeente, vir hulle geloof en liefde vir medegelowiges wat só ooglopend was.

Dat daar probleme in die gemeente was, is nie te betwyfel nie, want Eprafas het juis kom hulp soek by Paulus oor hierdie probleme. Paulus het egter nie met die deur in die huis geval en hulle beskuldig van allerhande ongerymdhede nie. Hy moes eers die reg verdien om met hulle te mag praat. Hy het vir die gemeente verduidelik dat hulle, net soos hy deel was van God se Evangelie wat regoor die wêreld geblom het. Daarna het hy aansluiting gekry by hulle liefde en geloof en toe beskryf hy wat nou eintlik gebeur wanneer die Evangelie verkondig word. Dit is soos vrugte aan ‘n boom, vrugte van liefde en geloof. Die vraag is: waar kom die vrugte vandaan? Dit begin by die wortels waarsonder die vrugte nooit sal kan bestaan

nie. Ons kan dit beskryf as God se genade.

Hoe werk Paulus se argument?

In vers 4 noem hy dat hulle geloof en liefde het op grond van die hoop, wat natuurlik spruit uit die Evangelie wat hulle gehoor het. Die Evangelie het egter nie net na húlle gekom nie, maar dit het regoor die wêreld versprei en dit blom en dra vrugte. Die oorsprong van dit alles is egter die genade van God. Dít is die pad wat die Evangelie loop.

Geloof en liefde bestaan uit ‘n vertikale sowel as ‘n horisontale verhouding. Geloof is vertikaal, oftewel vertroue in Jesus omdat jy met jou hele hart aanvaar het wie Hy is en wat Hy gedoen het en steeds doen. Op die horisontale vlak werk jou geloof deur in liefde na mede-gelowiges uit te reik. Dit is nie ‘n emosionele soort liefde nie, maar ‘n vrywillige verpligting om vir mekaar om te gee, nét soos wat dit gebeur binne ‘n gesin, waar ouers en kinders vir mekaar omgee.

Natuurlik gee die Heilige Gees jou die krag hiervoor, want uit jou eie is dit onmoontlik!

Daar is egter ‘n uiters belangrike element nodig om te kan glo en liefhê, naamlik Christelike hoop. Hierdie hoop is nie iets wat onseker is nie, maar dit staan vas as een van God se onfeilbare beloftes. Ja, natuurlik weet jy nie wanneer dít gaan gebeur waarop jy hoop nie, maar dát dit gaan gebeur is ‘n absolute sekerheid! God waarborg dit immers! Dit is dáárom dat Paulus sê dat die hoop in die hemel bewaar word.

Wat gebeur as iemand aageraak word deur die Evangelie? As ons na die natuur kyk, sien ons dat wanneer jy ‘n saad plant, begin dit groei en dit dra uiteindelik vrugte en dit versprei. Presies dieselfde gebeur met die Evangelie. Wanneer dit in iemand se hart geplant word is die uiteinde dat dit groei, vrug dra en versprei. Dit is, terloops, nie die predikant/pastoor se taak om die Evangelie te versprei nie, maar elke gelowige s’n. Paulus sê vir die gemeente in Kolosse, dat

dit regoor die wêreld gebeur en dat dit nie anders moet wees in hulle gemeente nie. Dan praat hy direk ook met jou en my, want dit moet ook nie anders wees in óns gemeente nie. Elke gelowige het die taak om vrug te dra van liefde wat in ons lewens blom en om die Evangelie te versprei.

Die vraag is: doen ons dit ooit?

Gebed:

Here, maak my en my gemeente asseblief vrugbaar, en gee vir ons die vuur van U Heilige Gees in ons harte om die wonderlike Evangelie van Jesus uit te dra!

4

## Om in 'n Koor te Sing

## Kolossense 1:9-14

**VIDEO * OUDIO**

Ek raak nie sommer opgewonde oor TV programme nie. Daar was egter 'n paar jaar gelede een wat my baie opgewonde gehad het: Varsity Sing. Die wonderlike harmonieë en hemelse musiek het my hoendervleis gegee en dikwels selfs in trane van aandoening gehad!

Vir so lank ek kan onthou, was ek al betrokke by koorsang. In die laerskool het ek al begin koorsing en later het ek in verskeie kerkkore gesing en elke oomblik daarvan terdeë geniet. Een wat ek veral geniet het om in te sing was die Rubato koor, 'n interkerklike koorgroep van Ballito wat ongelukkig 'n paar jaar gelede moes ophou bestaan. Om koor te sing was vir my seker een van die grootste hoogtepunte in my lewe. Nou moet ek egter

maar tevrede wees om net saam met die gemeente in die kerk te sing!

Natuurlik is ‘n opvoering die hoogtepunt vir ‘n koor, maar elke oefening het my opgewonde gehad en elkeen het ek terdeë geniet. Om alleen te sing is nou nie juis opwindend nie, maar om saam met ander te sing wat almal entoesiasties is, laat my are bruis. Om te hoor hoe die wonderlike harmonieë rondom jou saamvloei om ‘n musiekstuk te vorm wat jou hoendervleis gee, is iets wat my baie opgewonde maak.

Dit is egter wonderlik om ‘n koorleier te hê wat jy kan vertrou, veral as hy nog sélf die koorstuk gekomponeer het. Om te weet dat hy elke stem deur en deur ken, want hy het elkeen persoonlik geskryf. Elke koorlid hang aan sy lippe om ‘n musiekstuk te leer en te bemeester. Hy leer jou presies watter gevoel hy verlang en watter klanke die koor moet voortbring. En wanneer iemand verkeerd sing, word hy met liefde reggehelp. Wanneer hy dirigeer, volg elkeen in die koor hom

noukeurig en elkeen probeer sing presies soos wat hy dirigeer.

Dit is ‘n proses om ‘n koor van niks af op te lei tot een wat met gevoel en in harmonie die soetste klanke voortbring. Dit is eweneens ‘n proses waardeur God se gelowiges bekwaam gemaak word om in Sy hemelse koor te kan sing. Nee, ek praat nie van die koor van eendag nie, maar die koor wat reeds hier op aarde in die wêreld sing. En inderdaad is daar ook ‘n verskeidenheid van stemme in hierdie koor van God. Daar is alte en soprane, basse, tenore en baritonne. Ons het almal verskillende gawes, maar saam vorm ons ‘n eenheid wat in harmonie die asem van ons gehoor kan wegslaan.

Nes ‘n gewone koor, kan ons ook nie maar net skielik wegval en hemelse musiek maak nie. Daar moet opgelei word en hard geoefen word. Elkeen van ons moet baie mooi luister na die instruksies van die Groot Koormeester. Al die instruksies is natuurlik klaar neergeskryf in die groot “Koorboek”, die

Bybel, dus kan ons gedurig naslaan presies wat die Koorleier van ons verlang. Maar omdat Hy die Koorboek persoonlik geskryf het, is dit van uiterste belang om te luister na presies watter intonasies Hy van ons vewag.

Hoe langer jy saam met ‘n koorleier werk, hoe makliker word dit om maar net na sy gesigsuitdrukking te kyk en te weet presies wat hy wil hê jy moet doen. Hoe beter ek die Groot Koormeester leer ken, hoe makliker word dit ook vir my om te weet wat Hy wil hê dat ek moet doen. As ek van ‘n kooroefening of twee wegbly, begin ek gou vergeet hoe om te sing. Gereelde bywoning van God se kooroefening is nét so belangrik, sodat my geheue vars sal bly en ek op my tone kan bly.

As iemand solo sing, is dit nie meer koor nie. Die bekoring van koorsang lê júís daarin dat die stemme saamvloei om ‘n harmonie te vorm. En dit geld presies net so vir God se koor, dat gelowiges saamwerk om te doen wat God verlang. Ek het netnou gesê hoe

opgewonde ek is oor ‘n kooroefening. Gelowiges maak mekaar opgewonde om saam te kom vir ‘n oefening. Ek spring elke Sondag op en af van uitgelatenheid en ek kan nie wág dat dit tyd word vir die erediens nie, want dan sien ek almal weer en ons gesels en versterk mekaar. Daardie saam oefen is een groot fees! En net so geniet ek Bybelstudie geleenthede en Saterdagoggende se saam koffie drink en kuier met die manne van ons gemeente. Elke geleentheid waar ek saam met ander gelowiges kan saamwees, is vir my 'n fees!

Maar een ding moet jy duidelik begryp. ‘n Koor oefen met één doel voor oë: om ‘n uitvoering te gee wanneer hulle gereed is. Die koor van God kan ook nie net die hele tyd oefen nie! Daar moet gewerk word na ‘n doel: om ‘n uitvoering te gaan lewer.

Vanoggend is my gebed vir jou dat jy nie maar iewers op jou eie ‘n solo gaan probeer sing in die stort nie, maar dat jy deel sal word van die koor, indien jy nog nie is nie. Raak

vertroud met elke noot en woord in die Koorboek. Daar sal beslis terme wees wat jy nie verstaan nie. Sluit aan by ‘n Bybelskool of Bybelstudiegroep. Daar sal jy leer wat die terme beteken, sodat jy die instruksies van die Koorleier beter kan verstaan.

En laastens: moenie net oefen nie - neem aktief deel!

Gebed:

Here, ek is so opgewonde oor elke kooroefening. Dankie vir daardie groot lekkerte wat U vir ons gegee het. Gee asseblief vir my die ywer en wil om aan baie opvoerings deel te neem!

5

# Die Aarde Word Vernietig!

## Kolossense 1:15-20

**VIDEO * OUDIO**

Daar is ‘n wanbalans in die skepping!

Wat ‘n verskriklike ding om te sê! ’n Paar jaar gelede het die destydse minister van Omgewingsake, Marthinus van Schalkwyk, die skok-uitlating gemaak, dat die mooiste Kaap binne ‘n paar dekades in ‘n Karoo-landskap gaan verander en dat daar geen sprake sal wees van die pragtige wingerde waarvoor daardie landskap so wêreldberoemd is nie. Hy noem dan nie eers die ongelooflike Kaapse fynbos nie - sékerlik gaan dit óók verdwyn! Wingerde kan ‘n mens vervang, maar die fynbos, wat nét hiér voorkom - dit is onvervangbaar!

Met groot kommer sien ons hoe die natuur met 'n skrikwekkende tempo begin verander.

Vrees omklem ons harte as ons die natuurverskynsels aanskou. Klimaatsverandering wys wêreldwyd sy kleure en ons voel so magteloos. Verskriklike droogtes saai verwoesting op ons plase terwyl verwoestende vloede terselfdertyd die land in chaos dompel, soos wat so pas in KwaZulu-Natal gebeur het. Wat het ons met die aarde aangevang? Hier en daar probeer iemand desperaat om nog te red wat te redde is, maar alles voel so magteloos! Die oormag waarteen 'n mens baklei is so oorweldigend groot. Met afgryse sien ons hoe miljoene-jare oue gletsers in die Noordpool begin smelt en verkrummel. En ons wéét dat ons as mense tot 'n groot mate sélf hiervoor verantwoordelik is. As ons maar net…… Ons het alles opgemors in slegs enkele jare en om ons brouwerk nou te probeer regstel is 'n totaal-onmoontlike saak. Alles lyk so verlore! Die aarde is op 'n afdraendepad teen 'n verstommende spoed!

Ek en my gesin ontspan een slag in Mitchell

Park in Durban. Dit is ‘n pragtige tuin in die stad, en die stadsvaders het in hulle wysheid ook jare gelede daar ‘n voëlpark aangelê. Met groot weëmoed kyk ek na die talle kleurvolle voëltjies wat hulle lewens slyt in draadhokke. Ook die ander diere, soos marmosette, wasbeertjies, reuse skilpaaie, almal in hokke toegekamp sodat mense hulle kan bewonder. Wat my die meeste getref het is ‘n troppie meerkatte in ‘n pragtig-ingerigte hok. Een outjie het so met sy pens na bo op die sand gelê, so asof hy in die Kalahari se sonnetjie lê en bak, tragies ontneem van die wye sandvlaktes waar hy vir skerpioene en goggas in die duine kan grawe.

In skrille kontras met my pikswart Jeremiade is die loflied wat Paulus vir die Kolossense sing, ‘n loflied waar die Seun van God verheerlik word.

Dit is nie alleen op materiële vlak waar die mens ingemeng en alles verbrou het nie, maar ook op geestelike vlak. Die mense van Paulus se tyd wou byvoorbeeld hulle gode

sien. Hulle wou konkrete bewys van die bestaan van daardie gode hê. So is “menslike” gode soos Diana, Zeus, Venus en al hulle trawante geskep. Paulus kom sê egter in hierdie aangrypende gedig dat al hierdie klomp totaal niksseggend is. Alhoewel God nie gesien kan word nie, is Hy tóg sigbaar in Jesus, wat verhewe is bo al die magte en menslike gode. Jesus is selfs verhewe bo die skepping, want alles is immers deur Hom geskep. Wat meer is: alles - die ganse skepping word deur Hom in stand gehou!

En nou wil ons dalk vir Jesus vra: as Hy dan die skepping in stand hou, waarom laat Hy toe dat die mens Sy skepping vernietig?

Natúúrlik het ons nie antwoorde vir die talle kwelvrae wat dikwels jou gemoed teister nie, maar één ding weet ek: God ís in beheer. Die aarde is maar ‘n nietige ou klein deeltjie van God se magtige skepping. Selfs die heelal wat ons met ons magtige teleskope verken, is maar ‘n spikkeltjie uit God se handewerk.

Nog veel groter as dit alles, is die hemel, God se woonplek. Daar is alles soveel anders en groter en heerliker as die droewige aarde wat ons besig is om teen ‘n skrikwekkende tempo te vernietig. Inderdaad het Jesus voorspel dat Hy ‘n einde gaan maak aan die aarde en dat ek en jy dan saam met Hom in die onbeskryflike mooi van die hemel sal woon. Al is ons mede-verantwoordelik vir hierdie vernietiging van die aarde, het Jesus in Sy groot genade vir ons versoening bewerkstellig, sodat ons saam met Hom daardie wonderlike heerlikheid kan smaak!

Ja, met vrees en bewing staar ons na die einde wat op pad is, die einde van ons lewe wat so onvermydelik is, die verskrikking van die dood. Die einde van die aarde plaas ‘n beklemming om ons harte. Maar Jesus het uit die dood opgestaan en vir ons die pad berei na die splinternuwe, wonderlike lewe wat op ons wag. Waar is dan die dood se angel? Met dít in gedagte kan ons dan net

met belangstelling kyk na die pogings van die mensdom om die aarde te probeer vernietig voordat God dit doen. Die onwillekeurige vraag wat by my opkom is: probeer die mens nie dalk God speel nie?

Gebed:

Here, dankie vir U wonderlike skepping wat ons nog kan geniet, vir die blomme, die veld, die blou lug en die sterre wat U gemaak het. Maar ek sien uit met groot verlange na die hemel wat nog soveel mooier is, en onaangeraak deur ons mense se vernietigingsdrang!

6

# Met God Versoen

## Kolossense 1:21-23

**VIDEO * OUDIO**

In drie versies beskryf Paulus hoe die Kolossense was, hoe hulle nou is na Jesus se versoening en hoe hulle verder behoort te wees.

Paulus begin deur hulle te herinner aan wat hulle voorheen was, voordat hulle God geken het. Dit is nie 'n mooi prentjie nie want hulle was vyandiggesind teenoor God. Géén normale mens wil óóit hoor dat hy ‘n vyand van God is nie! Nogtans beweer Paulus dat hulle wél God se vyande was. Inderdaad kan selfs ‘n “goeie” mens, iemand wat ‘n mooi en vreedsame lewe lei, ‘n vyand van God wees. Die feit is dat as jy nie God waarlik aanbid en dien nie, dan is jy outomaties deel van die geledere van die duiwel en ons weet mos dat die duiwel God se grootste teenstander en

vyand is!

Een van die groot probleme wat so ‘n vyandskap veroorsaak, is dat dit ‘n muur bou tussen jou en God. Jy word, met ander woorde, verwyder van God. Paulus skryf dan ook vir die Kolossense dat hulle ver van God af was. Een van die groot kenmerke van só ‘n lewe ver van God af, is ‘n sondige lewenswyse. Dit kan een van baie dinge beteken, soos byvoorbeeld ‘n ooglopende sondige lewe waar jy roekeloos God se wet oortree. Dit kan egter ook ‘n geheime sondige lewe wees, waar jou uiterlike vertoon baie mooi is, maar jy vuil van binne is. Of dit kan bloot wees dat jy nie doen wat God van jou vra nie.

As iemand egter bereid is om die volle pad met God te loop en sy volle vertroue op God alleen te plaas, gebeur wonderlike dinge in jou lewe. Die grootste wonderwerk is egter dat ‘n mens wat ‘n totale vyand van God is, uit die vuil, donker poel van verlorenheid geruk word en skoon gewas word deur Jesus

se kosbare bloed om sodoende vir God aanvaarbaar te word. Ja, so 'n persoon kan selfs aangeneem word as God se eie kind! Daar is ‘n legio verhale van mense wat hiervan kan getuig, mense wat oorgegaan het van ‘n lewe van sondige vyandskap teenoor God na vrygekoopte, bruikbare en nuttige burgers in die Koninkryk van God.

Paulus skryf hier aan die Kolossense ook van soortgelyke dinge wat met húlle gebeur het. Alhoewel hulle ook eers ver van God af was en in vyandskap met God geleef het, het God versoening bewerkstellig en vrede gemaak met hulle. Hy het Sy Seun, Jesus gegee om te sterf aan die kruis sodat Hy op hierdie manier die straf vir sonde wat húlle eintlik moes kry, op Hom geneem het en só die volle prys betaal het sodat húlle vergifnis kon kry. Die wonderlike is dat God die sonde waarin hulle voortgeploeter het totaal vergewe het en hulle “*sonder smet en onberispelik*” gemaak het.

Maar dit is nie nét die mense van Kolosse

wat daarby baat nie. Ek en jy baat presies op dieselfde wyse vandag daarby. Ons kan daardie selfde versoening kry as ons maar net in Jesus glo as Verlosser.

God vra egter ook nou van die Kolossense om ‘n teenprestasie te lewer. Hulle kan mos nie nou maar net gaan sit en niks doen nie! Hulle moet in die geloof bly vasstaan, “stewig gevestig en standvastig, sonder om weg te beweeg van die hoop wat die evangelie bring.” (v.23). Met ander woorde, soos ‘n paal wat stewig geplant is! Natuurlik geld hierdie dinge ook vandag vir jou en my.

Ons moet egter baie mooi verstaan dat hierdie “teenprestasie” wat ons lewer, absoluut niks te doen het met ons redding nie. Met ons héél beste pogings kan ons nie ons eie redding bewerkstellig, of God se guns daarmee koop nie. Dit is suiwer uit genade dat ons gered is. Jesus het absoluut alles gedoen wat nodig is vir ons redding. Ons doen hierdie dinge slegs om een enkele rede, om dankie te sê vir wat God alreeds vir

ons gedoen het.

Paulus vermaan die Kolossense om vas en sterk in die geloof te bly staan en hulle nie te laat losruk van die geloof nie. Die vraag is, hoe doen jy dit? Een van die grootste redes waarom mense begin wankel en losgeruk word van hulle geloof, is wanneer hulle begin lou raak en nie meer die gemeenskap met ander gelowiges beoefen nie. “Ek kyk kerk op TV” is ‘n baie algemene verskoning om weg te bly van eredienste af. Niks verkeerd om kerk te kyk op TV nie, maar dit mag nooit vir jou ‘n plaasvervanger wees vir ‘n lewendige byeenkoms nie, tensy dit nie anders kan nie. Een van die hoof funksies van ‘n erediens en ander byeenkomste is juis sodat gelowiges mekaar kan versterk en ondersteun. Die boodskap is wel baie belangrik, maar dit is slegs maar één van die elemente van ‘n erediens. As jy slegs na die boodskap op die TV kyk, mis jy uit op al die ander.

As ons nie vasstaan in ons geloof nie, sal

ons losgeruk en verswelg word deur die vyand. Kom ons doen alles wat nodig is om vas te staan.

Gebed:

Here, dankie vir mense soos Paulus wat vir ons ‘n voorbeeld van arbeidsaamheid in U Koninkryk kon stel. Help my om lewendig en diensbaar te wees vir U, en om altyd vas te staan in die geloof wat U my gegee het.

7

# Diensbaar in die Koninkryk

# Kolossense 1:24-29

**VIDEO * OUDIO**

Suid-Afrika se liefling plaasboer-prediker, Oom Angus Buchan, het maar ‘n baie wankelrige begin gehad in sy prediking-loopbaan. Die meeste mense was maar bitter skepties oor hierdie eenvoudige plaasboer wat wou preek. Toe Angus begin om die Woord uit te dra, het mense (selfs predikante!) deure in sy gesig toegeklap. Hy het egter nie moed opgegee nie, en God het Sélf deure vir hom wawyd oopgemaak. ‘n Kind van God wat erns met sy geloof maak, kan gewoonlik teenstand verwag, want die duiwel is nie gelukkig daarmee wanneer iemand sy geloof ernstig opneem nie. Inderdaad het mense ook al by verskeie geleenthede probeer om deure in mý gesig toe te klap met hierdie internetbediening,

maar God is groot en almagtig, selfs baie groter as die mense wat die Evangelie probeer stop! Hy het talle groot deure oopgemaak, sodat ek dikwels verbaas moes toekyk hoe wonderwerke gebeur en die Woord van God oor die wêreld heen versprei.

'n Paar jaar gelede het die NG Kerk van KwaZulu-Natal begin om gewone lidmate op te lei om te kan preek. Ek was baie bevoorreg om hierdie opleiding te kon meemaak. En weereens was feitlik elke persoon wat die opleiding voltooi het, begroet met teëstand. Baie gemeentelede wou hulle nie aanvaar nie, bloot op grond van die feit dat hulle nie geordende leraars was nie. Ek het self sulke teenstand beleef en ek het dit al selfs ondervind dat sommige mense weier om die erediens by te woon wanneer ek die dag preek!

Wanneer Paulus egter van lyding praat, kan ons nie werklik saamgesels nie, want wat hy deurgemaak het ter wille van die Evangelie,

is niks minder as ‘n riller nie. Om mee te begin, was hy in die tronk terwyl hy hierdie brief geskryf het. Hy was verskeie kere in die tronk, dikwels onder baie haglike en pynlike omstandighede. Hy is verskeie kere soos ‘n sleg hond weggejaag, en hy is selfs per geleentheid gestenig - met klippe gegooi totdat die mense gedink het dat hy dood was. Wonder bo wonder het hy dit oorleef! En dan was hy ook ‘n slag of wat gegésel - met ‘n sweep geslaan totdat hy stukkend was. Daarna was hy met daardie rou wonde aan sy rug vasgeketting en sy voete in blokke in ‘n vuil kerker toegesluit!

Is ek en jy werklik bereid om ‘n bietjie lyding te verduur ter wille van die Evangelie? Is ons bereid om op te staan wanneer die heilige Naam van God misbruik word? Is ons bereid om Jesus se Naam te bely in alle omstandighede? Selfs wanneer vriendskap in die gedrang kom? Of wanneer dit skade kan doen aan my besigheid? Sou ek selfs my lewe waag vir die Evangelie? As ons maar

net luister na die verhale wat vertel word deur organisasies soos Geopende Deure, oor die vervolging wat gelowiges bereid is om deur te gaan in sommige Moslemlande, dan kan jy jou hande saamslaan!

Daar is egter ‘n ander punt wat Paulus by ons wil tuisbring, en dit het implikasies vir leraars sowel as gemeentelede.

Paulus sien sy opdrag om mense te onderrig en te leer sodat hulle geestelike volwassenheid kan bereik. Vandag is dit dan ook gewoonlik die opdrag wat elke dominee/leraar/pastoor het. Die dieper betekenis hiervan is dat hierdie gemeenteleiers se grootste taak is om Christen-gelowiges op te lei om volwaardige dissipels van Jesus te kan wees, dissipels wat onder meer die Woord van God sal uitdra, elkeen op sy eie besonderse manier.

Daar is legio moontlikhede oor hoe om dit te doen. Sommige gaan huisbesoek doen en mense geestelik bearbei. Ander weer kuier

by die oumensies wat dikwels baie eensaam is en uitgehonger vir geselskap. Iemand anders kan weer mense bemoedig, veral diegene wat bedroef is of swaarkry beleef. Ander gaan dalk voorbidding doen of ‘n selgroep lei of bemoedigende boodskappies uitstuur. In ons gemeente het ons ’n span wat elke Saterdag vir die Zoeloesprekende huiswerkers in ons dorp ’n diens hou. Daar word heerlik saam gesing en gebid en dan is daar ’n boodskap. Ons versprei gratis Bybels aan hulle en gee eetgoed en iets te drinke. Elke lid van die span het ’n ander taak. Myne is om die boodskap te lewer. Petro lei die lofprysing en Ria doen die organisering. Die pannekoekspan voorsien ons van heerlike eetgoed en ander gemeentelede voorsien weer Bybels sodat elkeen wat die dienste bywoon sy eie Bybel kan besit. Ja, inderdaad is sommige van die mense wat die dienste bywoon haweloses wat hier vir die eerste keer in hulle lewe 'n Bybel kan vashou! En so dra ons saam die evangelieboodskap uit.

Daar is ‘n legio maniere waarop elkeen van ons nuttig kan wees in God se Koninkryk, om elkeen op sy eie manier te help om die evangelieboodskap uit te dra. Hierdie is nie die taak van ‘n leraar nie, maar doodgewone lidmate soos ek en jy. Vind jou nis in God se Koninkryk!

Gebed:

Here, dankie vir mense soos Paulus en Angus wat vir ons ‘n voorbeeld kom stel het van hoe om lyding te weerstaan, en om waarlik nuttig te wees in U Koninkryk. Gee my asseblief die insig, ywer en kreatiwiteit om waarlik 'n nuttige burger van U Koninkryk te wees.

8

# ‘n Vaste Fondament

## Kolossense 2:1-7

**VIDEO * OUDIO**

Ek het vir baie jare gewerk as tekenaar van huisplanne en ek het soms interessante versoeke gekry, om geboue te ontwerp wat dikwels baie anders is as net die gewone woonhuis. So kry ek ‘n klompie jare gelede ‘n versoek van ‘n lewensredderklub in Ballito om vir hulle ‘n gebou op die strand te ontwerp, vanwaar hulle die mense wat in die see baljaar kan dophou. Hulle was nie tevrede daarmee dat die gebou LANGS die strand staan nie. Nee, dit moes reg OP die strand staan! Ek het na allerhande kante toe begin wonder hoe jy hierdie gebou so sou anker dat ‘n rowwe see nie dalk sy fondasies sou ondergrawe nie, en uiteindelik gaan ek kers opsteek by ‘n inginieur. Hy het die saak net een kyk gegee en toe sê hy dat hy met

niks minder tevrede sou wees nie as dat die fondament op soliede rots geanker word!

Geld om die plek te bou was maar baie skraps, maar die man het voet by stuk gehou en toe begin die groot grawe in die los sand vir ‘n rotsbank. Na ‘n groot gesukkel en baie swets deur die arme bouer, is die fondasies uiteindelik op ‘n soliede rots gegooi onder die watervlak en toe kon die bouwerk begin.

Nie baie ver van hierdie geboutjie af nie, beplan iemand anders ‘n rukkie later ‘n groot, duur gebou, baie naby aan die strand, maar hoog teen die duin op. Toe die konstruksiewerk begin, kom lê die stadsinginieur ‘n besoek af en hy beveel aan dat die gebou se fondamente moet rus op betonpilare wat tot op vaste rots gesink word. Vir die ontwikkelaar was dit net te veel moeite en geld en boonop was die gebou mos veilig, ver bokant seevlak! En hy volg sy eie kop!

Ballito se berugte storm het in Maart 2007

gekom en die lewensredders geboutjie is gepeper met reuse branders. Sy vensters is stukkend geslaan en alles binne in die gebou was verwoes, maar die gebou sélf het stewig bly staan op sy rotsfondament. Die ander gebou was minder “gelukkig”, want die see het gekom en al die sand van die “berg” waarop hy gebou is, onder hom uitgespoel. Alhoewel nie ‘n enkele golf eers die gebou geraak het nie, het hy inmekaar getuimel.

Met jou geloof is dit ook soos met ‘n gebou. Die Heilige Gees gee vir jou daardie kosbare geskenk met die naam “geloof”. Met hierdie geskenk het jy ‘n “kaartjie” na die ewige lewe, in Jesus Christus wat daarvoor betaal het. Hierdie geloof-geskenk is egter baie spesiaal, want jy kan hom nie maar net gaan toedraai en êrens in ‘n kas wegbêre nie! Nee, hy moet gebruik, geoefen en behoorlik gevestig word. Al te dikwels bou Christene hulle geloofshuisie sommer so goedkoop-goedkoop, sonder om eers behoorlike fondasies te lê. Om waarlik jou geloof te kan

vestig is nie maklik nie! Dit kos harde werk! Ek het dit al dikwels teëgekom dat gelowiges oor hulle probleme kla. Met die eerste oogopslag sien jy dat die grootste probleem is dat die persoon nie ‘n fondament onder sy geloofsgebou het nie.

Die vraag is: hoe bou ek daardie fondament? Daar is ‘n paar elemente by betrokke: Die eerste en belangrikste is gebed. Gebed is jou kommunikasiekanaal met God. Sorg dat daar ‘n behoorlike verbinding is. Om te bid beteken nie noodwendig dat jy net in jou binnekamer vir God aanbid nie. Dit beteken dat jy ook dwarsdeur die dag, selfs by jou werk, oomblikke afknyp en stilletjies met Hom praat, sommer net gesels. Wees bewus van God se teenwoordigheid waar jy ookal gaan.

Die tweede element is om meer te wil weet van hierdie wonderlike God en Sy wil vir jou lewe. Maak ‘n studie van Sy woord. Daar is soveel wonderlike Bybelstudiegidse beskikbaar. Ek gebruik Die Bybellennium

baie intensief, want dit is ‘n alles-in-een studiegids. Skakel in by ’n Bybelskool of Bybelstudiegroep. Ons gemeente het so 'n groep waar die besprekings weekliks op Youtube uitgesaai word. Kyk gerus by **bit.ly/bgkbyb** Dit is ’n wonderlike manier om jou fondament waarlik stewig te maak. Terloops, om maar net elke dag ‘n dagstukkie te lees, is nie Bybelstudie nie…….

Die derde element in die bou van jou geloofshuis, is om die krag wat jy in gebed kry en die kennis en insig wat jy in jou Bybelstudie kry prakties uit te leef. Oefen die dinge wat jy geleer het. Hoe doen jy dit? Die eerste stap is om gereeld met ander Christene te kommunikeer en mekaar te versterk. Dit doen jy by die kerk, selgroepe, mannebyeenkomste ens. Dit moet egter nie daar bly nie, want hierdie is slegs die werkswinkel waar jy leer en inspirasie kry. Jy moet ook skouer aan die wiel sit en jou kennis uitdra aan ander. Leef jou Christelike liefde prakties uit na buite op jou eie unieke

manier. Sodoende help jy nie alleen om die Koninkryk van God uit te brei nie, maar die bonus is dat jy daarmee die fondament vir jou eie geloof verder verstewig.

Storms in die lewe is onvermydelik. Die Christengelowige wie se geloofshuis sommer so goedkoop-goedkoop gebou is, gaan groot skade kry wanneer die storm kom, maar die een wat hard gewerk het aan daardie fondament en dit op Christus gevestig het, sal staande bly.

Gebed:

Here, gee my asseblief vandag die ywer om diensbaar te wees in U Koninkryk, en herinner my gedurig aan U teenwoordigheid. Help my ook om die fondament vir my geloof te verstewig.

# 9

# Vasgevang

## Kolossense 2:8-19

**VIDEO * OUDIO**

Ons lewens word vandag oorheers deur soveel onnodige dinge, die skeppinge van ons eie hebsug. Kyk nou maar net byvoorbeeld hoe oorheers 'n TV stel ons lewens! Dikwels raak ons só verknog aan sepies dat ons nooit ‘n enkele episode misloop nie! Ander belangrike dinge bly dan dikwels in die slag, net omdat die sepie eerste kom!

Ons het jare gelede ‘n Dominee in ons gemeente gehad wat só verknog was aan Dallas. Dikwels het hy sy huisbesoeke onderbreek om eers by my aan huis Dallas te kom kyk. By een geleentheid het hy ‘n vergadering onderbreek en al die ouderlinge moes eers saam met hom Dallas kyk. Eers daarna kon ons die vergadering hervat!

Die dag toe die internet 'n werklikheid geword het, het dit 'n hele nuwe wêreld vir ons oopgemaak, veral toe Oom Google die dag sy buiging maak, 35 jaar gelede. Om deur die wonderwêreld van die wêreldwye web te kan reis, laat jou dikwels snak na jou asem. Maar dit hou terselfdertyd sy gevare in. Jy kan so meegevoer raak deur die wondere van die web, dat dit al jou kosbare tyd in beslag neem. Boonop kan jy verstrengel raak in die gevaarlike dinge soos pornografie!

Dan is daar ons daaglikse kommunikasiestelsel. Die telefoon was al erg genoeg en het jou dikwels tot raserny gedryf. Maar toe kom die selfoon! Aanvanklik was dit net jou telefoon wat jy saam kan dra net waarheen jy ookal gaan.

Toe maak die slimfoon sy verskyning en bring nog 'n groter euwel met hom saam: die sosiale media! Elke selfoon is gerat om WhatsApp, Internet, Facebook en 'n duisend ander toeps te kan hanteer. Jy kan deesdae skaars ‘n sinvolle gesprek êrens in ‘n stil

kafeetjie met iemand voer, want die een of ander tyd gaan ‘n selfoon die gesprek onderbreek, dikwels vir iets wat kon gewag het. Hulle oorheers ons lewens!

Dan is daar nog ons moderne winkelsentrums met al sy haarsalonne en winkeltjies wat jou vir ure kan besig hou. Dit is veral die Evasgeslag wat totaal betower word deur die wonderwêreld van ‘n winkelkompleks, dikwels tot ‘n arme man se bittere frustrasie!

Die lewe was soveel eenvoudiger toe ek jonk was. Daar was nie TV’s, selfone, internet of winkelkomplekse nie. Die plaastelefoon het net een of twee keer ‘n dag gelui, en die enigste “sepie” was die Du Plooys van Soetmelksvlei op die radio. Kindwees was lekker en propvol avontuur want ons kon kaal swem in die plaasdam, kleilat-oorlog maak, jag met ‘n kettie, verjaar in die vrugteboord, klei-osse maak en sommer net kind wees!

My grootste hunkering vandag is om maar

net iewers heen te kan ontsnap waar ek, sonder al hierdie goed wat lawaai om ‘n kampvuurtjie kan sit en naby my God kan wees. My hart smag na die stilte!

Jou geestelike lewe is dikwels óók so vol foefies dat jy vergeet van die heel basiese dinge. Dit was juis Paulus se groot kommer oor die baie foefies wat die Christene in Kolosse in hulle geloofslewe wou saamdra. Geloof in Jesus was vir hulle nie genoeg vir hulle saligheid nie. Daar was allerhande wettiese godsdienstige reëls wat hulle eers móés nakom. Paulus het hulle gewaarsku teen misleidende teorieë en argumente wat gedreig het om hulle totaal weg te voer, soos filosofieë oor die sogenaamde “kuns van die lewe”. Dikwels moes hulle eers “geestelike magte” tevrede stel voor hulle by God kon uitkom. Baie mense het bly vasklou aan allerhande reëls soos wat jy mag eet en drink. Daar was allerhande heilige dae soos die nuwemaanfees en die sabbat. Party mense het selfs engele en visioene vereer

om te wys hoe nederig en godsdienstig hulle was!

Vandag is dit nie veel anders nie. In die kerklewe raak ons soms so vasgevang in allerhande kommissies en dikwels onbenullighede, dat ons totaal by Jesus verby lewe. ‘n Geestelike werker se lewe is dikwels so volgeprop met allerhande verpligtinge en organisasies, dat hy nie by die basiese dinge uitkom nie. Ongelukkig kom gemeentewerk gewoonlik op die skouers neer van slegs ‘n paar gewillige gemeentelede. Die gevaar kom dan ook dat hierdie gewilliges so vasgevang raak in hulle pligte, dat Jesus verlore raak. Dikwels word hulle gedwing om dinge te doen, bloot omdat niemand anders bereid is om te help nie. Ek het sélf al verskeie kere in sulke situasies beland en ek is baie dankbaar vir die barmhartige Samaritane wat bereid was om my uiteindelik te kom red. Die gevaar van só ‘n lewe is dat jy so besig kan raak met die Dinge van God, dat jy nie meer uitkom by die

God van die Dinge nie!

Daar moet ‘n baie fyn balans in ‘n gelowige se lewe wees. Hééł bo aan die lys is Jesus. Hy is die Spil waarom alles draai. Hy alléén gee vir jou die saligheid. Al die ander dinge wat jy byvoeg, mag slegs één rede hê: om dankie te sê vir Jesus se groot geskenk. As jy dán feesvier, vas of werk in jou gemeente uit dankbaarheid aan Jesus - dan maak dit sin!

Gebed:

Here, bevry my asseblief van al die onnodige bagasie in my lewe en bring my weer terug na Jesus, die enigste Bron van die ware lewe!

# 10

# Tradisies

## Kolossense 2:20-3:4

**VIDEO * OUDIO**

Ek stap die kerkgebou binne. Dis stil. Tjoepstil! Iewers kug iemand saggies, gesmoord in haar sakdoek. Daar hang ‘n swaar, dik atmosfeer oor die “heilige” gebou. Ek voel bitter ongemaklik. My das wurg my en die pak klere, die einste een waarin ek aangeneem en voorgestel is, sit ongemaklik om my lyf. Ek gaan sit versigtig op die harde kerkbank. Dit kraak weergalmend! Iemand draai vererg om en gluur my aan. Ek weet nie waarheen om te kyk nie. Agter op die galery speel die orrel swaar, onverstaanbare doodsmusiek. Die atmosfeer is somber.

’n Tante met ’n reuse blommerangskikking op haar kop kom sit hier reg voor my. Ek rek my nek om te sien of ek darem nog die preekstoel kan sien. Skielik hou die orrelis op

speel. Die konsistorie se deure swaai oop en die hele gemeente staan soos een man op. Die kerkraad kom ingestap met die dominee vooraan in sy waardige, pikswart fluweeltoga en die res almal geklee in swart pakke en wit dasse. Ons sing: “Here Jesus, ons is saam, hier op U bevel vergader.”

Onthou jy nog? Dankie tog: daardie dae is verby! Maar dit het nie só maklik verbygegaan nie. Ek onthou nog die aand toe ons 'n hele kerkraadsvergadering deurgeworstel het, slegs oor die kleredrag van die kerkraad. Dit was ‘n vuurwarm debat en die vonke het behóórlik gespat. Die vergadering was in Stanger en die sweet het ons behóórlik afgetap terwyl ons, natuurlik geklee in ons swart pakke en wit dasse in die snikhete, bedompige kerkgebou ons vurige menings gelug het oor wat betaamlik is. Gedurende die ganse kerkraadsvergadering, wat tot ná middernag geduur het, was daar bitter min gepraat oor koninkrykswerk, want hierdie enkele ding oor tradisie het almal se

gedagtes oorheers!

Uiteindelik is daar onder luide protes van sommige ou vuurvreters besluit dat tradisie moes plek maak vir ‘n meer sinvolle kleredrag. Maar die arme predikant word gestraf! Hy moes nog steeds sy swart pak, wit das en toga dra en dit Sondag-na-Sondag uitsweet op die snikhete kansel!

Vandag kan ons maar net lag oor daardie simpele tradisies soos die hoed en alles wat daarmee gepaard gegaan het!

Dis presies sulke dinge waaroor Paulus in sy brief met die gemeente in Kolosse gesels. Hulle was vasgevang in ‘n web van tradisies, soos oor wat hulle mag eet en wat nie. Dit het ‘n hele wettiese ding geraak, want sonder om daardie wette na te kom, was jy nie deel van die gemeente nie. Nog erger, dan het jy nie deel gehad aan die saligheid nie! Paulus stel dit baie duidelik dat hierdie ‘n selfgemaakte godsdiens is wat absoluut geen ewigheidswaarde het nie. Ek dink dat

as Paulus in ons tyd sou lewe, sou hy presies dieselfde sê oor daardie klere-debakel van die kerkraad!

Paulus stel dit baie duidelik vir die Kolossense, maar terselfdertyd óók vir ons vandag: "*As julle saam met Christus die kosmiese elemente afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog as deel van die wêreld leef, steeds gebonde aan voorskrifte soos: "Moenie daaraan vat of proe of raak nie"*?" En dan skryf hy 'n bietjie later, in hoofstuk 3: "*As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is.*"

Jy sal opmerk dat hier twee elemente betrokke is. Eers moet jy ontslae raak van die ou nuttelose tradisies, maar in die plek daarvan moet daar iets kom wat verhewe is, want jy het nie alleen saam met Jesus gesterwe nie, maar jy **LEWE** nou saam met Hom! Byvoorbeeld: waaroor moet die gesprek 'n kerkraadsvergadering gaan? As die gesprek nie minstens oorheers word deur sake van geestelike waarde, soos sending,

evangelisasie, barmhartigheid en die geestelike welstand van die gemeente nie, dan het daardie kerkraad ‘n groot probleem!

Kom ons beweeg ‘n bietjie nader na ons persoonlike lewe: watter dinge oorheers my geestelike lewe? Gaan ek kerktoe omdat tradisie dit vereis? Lees ek Bybel en bid ek omdat ek so geleer is? Baie mooi en edel tradisies, maar as hulle slegs ‘n “wet” in my lewe is, dan is dit betekenisloos! As ek maar net Bybel lees omdat dit die regte ding is om te doen, dan kan ek dit net sowel maar los. As my geloofslewe werklik lewendig is, sal daar by my ‘n honger wees na die Woord van God en as daar iets is wat nie sin maak nie, gaan ek daaroor oplees in ‘n Bybelkommentaar of met 'n kundige daaroor gesels. Dan gaan die erediens, mannebyeenkoms, Bybelstudiegroep ens. elke keer vir my ‘n belewenis wees. Dit gaan dinge wees wat ek nie **WIL** misloop nie! Dan gaan dit ook nie meer saakmaak watter predikant die Sondag preek nie, want dit

gaan oor ‘n ontmoeting met God wat ek deel met my mede-gelowiges. Inderdaad sal my gebedslewe ook anders wees. Dit sal nie maar net ‘n “wenslysie” wees waar ek my bestellings by God plaas vir hierdie en daardie nie, maar ‘n ware gesprek met God.

Kom ons vergeet van die uitgediende tradisies, en begin waarlik lewe!

Gebed:

Here, daar is so baie ou tradisies waaraan ek nog vasklou. Help my asseblief om vry te raak daarvan, en my hele lewe slegs op U te rig.

11

# Oorgemaak

## Kolossense 3:5-17

**VIDEO * OUDIO**

In vandag se gedeelte praat Paulus baie hard met die gemeente in Kolosse. Daar is dinge in hulle lewens wat oud en vervalle is en dit moet oorgemaak word, nuutgemaak word.

Kom ek verduidelik. Ek woon op 'n plaas sowat 25km van Ballito af. Die opset is 'n ou kampong wat dateer uit die dae toe die Huletts organisasie reuse suikerplase besit het. Hier staan sowat dertig huisies wat veertig jaar gelede bewoon was deur die werkers. Vandag is hulle almal vervalle en totaal onbewoonbaar. Sommige se vensters is stukkend en ander het selfs nie eers meer dakplate op nie. Die natuur het oorgeneem en bossies groei welig rondom en selfs binne-in die huisies.

Die eienaar het begin om sommige van hierdie huisies te herstel. Daar is nuwe dakke opgesit, badkamers en kombuise is oorgebou. Hulle is pragtig uitgeverf en daar is tuingemaak sodat hulle weer nuttig en bewoonbaar kan wees.

Paulus beskryf in hierdie gedeelte hoe sommige van die Kolossense weer vernuwe moet word. Daar is 'n groot klomp "bossies" en hulle lewensgeboue dikwels vervalle. Hulle moet letterlik gestroop word van die lelike dinge. Hy noem 'n klomp vieslike goed soos onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, gierigheid en selfs afgodediens!

As ons na hierdie sondes kyk, is daar een groot element wat oorheers: selfbelang! Al hierdie dinge is op jouself gerig. Jy is dus die héél belangrikste persoon in jou eie lewe. Alles wentel nét om jouself! Dis veral die seksuele sondes wat uitstaan, waar jou eie drange bevredig word.

Maar dit gaan verder, want nou begin Paulus te raak aan probleme op ons interpersoonlike verhoudings. Weereens is selfgesentreerdheid die hoof element in hierdie probleme. Hy noem toorn, driftigheid, kwaadwilligheid, lastering, leuens en vuil taal. Jy moet dus nie dinge sê wat ander mense ongemaklik laat voel of iemand mislei nie. Dan is daar een wat vandag 'n groot vloekwoord geword het: rassisme! Paulus verduidelik dat ons nie onderskeid mag tref tussen verskillende rasse, nasionaliteite of kulture nie. Dis verkeerd!

Paulus vra dat ons van al daardie goed moet ontslae raak en dit vervang met iets totaal anders. Gelowiges is immers God se nuwe uitverkore volk! Hy noem ons “heiliges en geliefdes!” Hierdie is drie ontsaglike sterk woorde!

Dink 'n bietjie daaroor na. Ons is uitverkore! Israel was destyds die uitverkore volk, maar nou is dit ons, die gelowiges. Dit beteken dat God ons Koning is en dat ons dus aan Hom

moet gehoorsaam wees. Boonop staan ons in 'n unieke verhouding tot God op grond van Sy genadige goedheid. Dit is immers God wat ons gekies het en nie ons wat Hóm gekies het nie.

Omdat ons uitverkore, heilig en geliefd is, moet ons lewens totaal anders lyk. Daardie ou vuil, verwaarloosde “rietkappershuisie” van ons moet nuutgemaak word en die groot kenmerk van selfgesentreerdheid moet vervang word met Christusgesentreerdheid wat veral gerig is op ons medemens. So noem Paulus eienskappe soos innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld, verdraagsaamheid en vergifnis. “Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe.” (v. 13) Sjoe! Dis sommer 'n hele mondvol!

Nou is volksgrense en kultuurverskille nie meer belangrik nie en dit maak nie saak of iemand 'n Griek, Jood of selfs 'n barbaar is nie. Paulus praat hier van Skittiërs. Hulle was 'n volk wat die toonbeeld van onbeskaafdheid

was. Ons moet by al hierdie dinge verbykyk en slegs kinders van God raaksien.

Paulus som al hierdie eienskappe op met een enkele klein woordjie: liefde. Klein inderdaad, maar hierdie woordjie het 'n reuse betekenis! Alles begin met God se onmeetlike liefde vir ons. Nou moet ons hierdie liefde teenoor ander uitleef. Liefde gaan nie alleen oor die lojaliteit teenoor ander mense en die verpligting om jou verantwoordelikheid teenoor hulle tot die einde na te kom nie. Dit behels veel meer. In vers 14 word dit voorgehou as die band van volmaaktheid wat medegelowiges onlosmaaklik saambind. Gelowiges is in werklikheid verplig om vir mekaar om te gee en mekaar se sake op die hart te dra.

Liefde is dus nie maar net 'n gevoel nie, dit is véél meer. Dit is om waarlik om te gee op 'n praktiese, konkrete manier.  Om dus vir iemand te sê: “Ek voel só jammer vir jou!” as die persoon honger is, beteken eintlik niks. Deur hom iets te gee om te eet, is om liefde

uit te leef. Jesus het liefde prakties uitgeleef tydens Sy bediening. Hy het uit Sy pad gegaan om mense te help op verskeie maniere, ten spyte van dikwels baie teenkanting. Hy het ook géén onderskeid getref tussen mense nie. Sodoende het Hy dan ook vir ons 'n voorbeeld kom stel van hoe dit gedoen moet word. Kom ons volg Sy voorbeeld na!

Gebed:

Here, daar is nog so baie dinge in my lewe wat nie reg is nie. Dikwels is ek nog selfgesentreerd en liefdeloos. Help my asseblief om waarlik heilig te lewe en liefde op 'n praktiese manier uit te leef.

12

# Wie’s die Baas?

# Kolossense 3:18-4:1

**VIDEO * OUDIO**

Ek was vir baie jare 'n tekenaar wat my veral besig gehou het om huise te ontwerp. Dit klink na 'n baie aangename beroep, maar dikwels is dit propvol frustrasies, soos wanneer man en vrou nie kan ooreenkom wat hulle wil hê nie!

Hulle stap op ’n mooi dag in my kantoor in en die vrou begin vertel van die huis wat ek vir hulle moet ontwerp. “Dit moet ‘n Spaanse styl huis wees”, verduidelik sy, “ek is mál oor ‘n Spaanse huis – dis sóóóó romanties.....”

“Nee!” Hy skud sy kop heftig. “Dis nie prakties nie! ’n Bali-styl – dis wat ons wil bou!”

En nét daar begin my nagmerrie! Vir die

volgende halfuur sit ek sprakeloos, sonder dat ek ‘n enkele woord dwars kan inkry, terwyl hulle baklei dat die spoeg spat. Uiteindelik kry ek dit reg om die gesprek te swaai na uitleg binne. “Verkies julle ’n oop plan kombuis-sitkamer-eetkamer?”

“Kombuis apart!” sê hy, baie seker van sy saak.

“Nee, nee, oop plan! Ek wil met my gaste in die sitkamer gesels terwyl ek kosmaak.”

“Basta! Ek wil nie teen 'n spul vuil skottelgoed vaskyk terwyl ek TV kyk nie!”

En toe spat die vonke weer! ‘n Uur later loop die twee baklei-baklei uit my kantoor, sonder dat ek die vaagste benul het oor wat om vir hulle te ontwerp. Dit is een van die redes waarom ek vandag nie meer planne teken nie!

Aan die einde van Paulus se brief aan die Kolossense, verduidelik hy hoe ‘n gesin éintlik moet funksioneer. Dis belangrik om te

besef dat sy redenasies geskoei is op die normale verhouding van gesinne van daardie tyd. Hulle het geleef in ‘n patriargale stelsel, waar die man die hoof was van die gesin en sy sê was finaal. Die vrou, kinders en slawe moes maar dans na sy pype. Paulus kon nie sommer maar die stelsel verander nie, dit sou moeilikheid beteken! Hy wou dit egter in perspektief stel met Christelike beginsels. Dit beteken dat die man dus steeds die hoof van die huis was. Let wel: die HOOf, nie die BAAS nie!

In enige situasie waar ‘n paar mense betrokke is, is dit noodsaaklik dat een persoon leiding moet neem. Dit is dan ook presies wat die man moet doen. Om onderdanig aan die man te wees, beteken dus beslis nie dat die vrou sy slaaf moet wees nie! Sy moet egter die man se leiding aanvaar. Sy moet hom man laat wees en dit nie vir hom moeilik maak om sy leiersrol te vervul nie.

Ongelukkig gebeur dit soms dat ‘n man sy

magsposisie as leier in die huishouding misbruik en die res behandel soos slawe en vloerlappe. In Paulus se tyd sou niemand in die samelewing egter eers ‘n wenkbrou gelig het daaroor nie, want dit was die norm. Dit is juis om hierdie rede dat Paulus die man vermaan om sy vrou lief te hê en sódanig op te tree dat sy nie verbitter voel nie.

Ons moet onthou dat mense nie daardie jare met mekaar getrou het omdat hulle verlief geraak het op mekaar nie. Die pa van die gesin het sy kinders se huwelike gereël, dikwels op finansiële gronde. ‘n Man moes dus maar net tevrede wees met die vrou wat hy gekry het en sy het ook géén sê gehad in die saak nie.

Liefhê alleen is egter nie genoeg nie, die man moet ook sy verpligtinge in die huis nakom anders maak hy dit vir haar baie moeilik. Onthou, die lewe was baie anders daardie jare. ‘n Vrou kon nie sommer ‘n man se pligte oorneem nie. As die man dus nie sy pligte nagekom het nie, het hy sy vrou in ‘n

baie moeilike posisie gelaat. Hy moes dus altyd só optree dat sy veilig en geborge gevoel het en dat sy waarlik vrou kon wees in die huwelik.

Kinders was bloot beskou as “eiendom” wat aan hulle pa gehoorsaam moes wees, maak nie saak wat gebeur het nie. Dikwels het die pa hierdie situasie uitgebuit. Dit is dan waarom Paulus die pa vermaan het om regverdig teenoor sy kinders op te tree. Hy moes hulle nie treiter en moedeloos maak met onbillike bevele nie. Maar aan die ander kant moes kinders steeds onthou dat hulle pa die hoof van die huishouding was en dat hulle hom daarvoor moes respekteer. Dis wat die Here van hulle verwag het!

Ook die slawe-situasie kom aan die beurt: dit was ‘n netelige kwessie wanneer ‘n slaaf tot bekering gekom het in 'n gelowige se huis. Skielik het hy sy baas (eienaar) se broer in Christus geword! Hoe moes jy so ‘n situasie hanteer?

Soos reeds gesê, wou Paulus nie die stelsel verander nie en dit beteken dan ook vandag dat ons nie noodwendig ons huishouding moet verander nie, maar dit in Christelike perspektief stel. Ons samelewing is totaal anders as in Paulus se tyd. Waar die vrou in daardie jare uitsluitlik huisvrou was, staan sy nou gewoonlik in ‘n beroep. Dikwels beklee die vrou in die huishouding ‘n hoër pos as haar man en dit gebeur selfs dat die vrou in die werksituasie die baas is en haar man ‘n ondergeskikte. Binne gesinsverband moet so ‘n situasie met groot omsigtigheid en deernis hanteer word. Die heel belangrikste ding wat in enige huwelik en enige situasie moet oorheers is ware Christelike liefde. Waar liefde in enige huwelik oorheers, sal die situasie - hoe ingewikkeld dit ookal mag wees - homself uitsorteer.

Gebed:

Hemel Vader, ek bid vanoggend vir ‘n oormaat liefde in my huwelik. Help my asseblief om my huweliksmaat se unieke

situasie te verstaan, en dit met liefde en deernis te hanteer.

# 13

## Sjokolade en Brandrissies

## Kolossense 4:2-18

**VIDEO * OUDIO**

Smaak is ‘n wonderlike ding. ‘n Kêrel vertel my eendag dat terwyl hy gaan sendingwerk doen het in Korea, het iemand eendag vir hom ‘n tradisionele Koreaanse dis gebring wat so warm gegeur was dat ‘n proeseltjie behoorlik jou tone laat omkrul. Terwyl die rook letterlik by sy neusgate uitborrel, kom die man agter dat die geur hom nogal aanstaan! Na ‘n jaar of twee in die land het hy daardie warm dis leer liefkry, gevolglik het hy dit uiteindelik met groot smaak verorber, terwyl die Koreane hom grootoog in ongeloof aangestaar het. “Hierdie man”, het hulle gedink, “moet koekoes wees! G’n normale mens kan sulke warm kos só wegslaan en dan boonop nog maak asof hy dit geniet nie!”

Party mense vrek oor soetgoed - sjokholiste!

Sy kan ‘n groot blok sjokolade verorber en dan lus wees vir nog! As sy nagereg bestel, moet dit die hele tutti inhê, roomys, sjokoladesous, karamel, aarbeistroop - alles wat stroopsoet is!

Aan die ander kant van die spektrum kry jy weer die sout-lekkers. Hulle is nou weer die ouens wat stringe en stringe biltong kan wegslaan, en salami en grondboontjies en alles wat sout is. Vir hulle gaan jy nie sommer met ‘n sjokolade vang nie!

Ek hou van my kos geurig, met genoeg sout. Smaaklose goed is jiggie en bitter min mense hou daarvan. My oupa was een van daardie rare mense - sy vleis moes byvoorbeeld net in water gekook word, sonder sout of enige geurmiddels. Dit moes sekerlik soos ‘n stuk rubber gesmaak het!

'n Mens se taal - die dinge wat hulle sê, is ook gegeur. Ek ken mense wie se taal so van die brandrissies en kerrie gegooi is, dat dit ‘n matroos sal laat bloos. Aan die ander kant

laat iemand met soetsappige, stroperige praatjies my eintlik gril. En die soutbestrooide, hoogdrawende intellektueel-gestopte gesprekke van sommige mense wat hulleself bo enige ander wese verhef, dryf my tot raserny!

Paulus gesels vandag oor ons taalgebruik. Hy sê in Kol. 4:6 dat dit wat jy sê van goeie smaak moet getuig.  Jou woorde moet letterlik met sout besprinkel word om dit 'n heerlike smaak te gee - ‘n Griekse idioom. Gaan dink ‘n bietjie mooi na oor die taal wat jy gebruik. Hoe smaakvol is die dinge wat jy sê? Ek ken mense wat nie ‘n enkele sin kan sê sonder ten minste ‘n paar warm brandrissies, vloekwoorde in nie. Gewoonlik is hulle die ouens wat hulle ook verlustig in vulgêre grappe. Dit is suiwer swak smaak om gekruide taal te gebruik, al dink sommige akteurs dat dit goeie smaak verleen aan ‘n produksie! Dink nou maar mooi: sal jy vloekwoorde en gekruide taal gebruik wanneer jy bid, met God praat? Natuurlik nie!

Watter soort vraag is dit dan? Jou taalgebruik spreek boekdele oor jou geestelike lewe.

Dit bring my by ‘n ander punt in Paulus se briefslot: jou gesprek met God. Hy sê dat die lesers moet volhard in gebed. Dit is uiters belangrik! Paulus vra vir die gemeente om vir hom voorbidding te doen. Op daardie stadium sit hy in die tronk en dinge lyk maar baie duister vir sy toekoms. Wanneer hy vra dat hulle vir hom bid, is dit nie dat hy uit die tronk bevry word nie, maar dat hy meer geleenthede kan kry om die Woord te verkondig. Wat ‘n onselfsugtige versoek! Paulus het vrede gemaak met sy gevangenskap en die feit dat hy nooit weer die helder lug sal sien nie. Al waaroor hy bekommer, is dat die Evangelie uitgedra word en hy doen alles in sy vermoë om hierdie saak te bevorder. Gelukkig weet hy ook dat hy nie alleen is nie. Hy is al ‘n ou man en hy sukkel om te sien. Hy kan selfs nie eers meer sien om ‘n brief te skryf nie. Maar selfs hierin het die Here vir hom

voorsien, want daar is iemand wat neerskryf wat hy dikteer. Hy laat hom nie afsit deur ‘n nietigheid soos amper-blindheid nie! Hy sê dit dan ook baie pertinent dat die gemeente nie oor hom hoef te bekommer nie.

Paulus sit sy handtekening onderaan die brief in groot, lomp letters, nadat hy groete oorgedra het aan ‘n klomp mense met wie hy deur die jare saamgewerk het - mense wat vir hom baie dierbaar geword het terwyl hy die Woord van God verkondig het, dikwels in haglike of uiters gevaarlike omstandighede. Liefde, blydskap en omgee straal uit Paulus se groet terwyl hy sy laaste dae in die verskrikking van die Romeinse tronk slyt.

Gebed:

Here, ek loof en prys U grote Naam vanoggend, en ek wil dankie sê vir ‘n Paulus wat bereid was om absoluut alles - selfs sy lewe - op te offer sodat ons vandag U Woord kan ken. Maak my ook gewillig om opofferings te maak vir die Evangelie.

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE